


ERFOPVOLGING VIR 'N BOERDERY

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN

DIE WERKING VAN DIE FAMILIESISTEEM

Die meeste families skep bewustelik of onbewustelik 'n familiesisteem of -model. Hierdie sisteem bevat die geskrewe en ongeskrewe reëls van die familie. Dit stel die onderlinge verhoudings daar, verdeel die alledaagse take en vorm die gesagstrukture waarbinne elke familielid optree. 'n Verandering in die familiesiklus lei dus noodwendig tot 'n ontwingting van hierdie sisteem en skep spanning of onderliggende konflik onder familielede. Die meegaande diagram stel die verandering van die lewensiklus binne die familiesisteem voor.



Die meeste familieboerderye bevind hulle in ten minste twee en soms selfs drie van die fases van hierdie diagram. Wanneer erfopvolging ter sprake kom moet die plaaseiendom en die bestuur van die boerdery

terselfdertyd ook saam met die verandering in die familiesisteem verander word. Die ouer geslag dra die eiendom en gesag aan die jonger geslag oor. In die proses verkry die jonger geslag hulle selfstandigheid en is dus nie meer afhanklikes van hulle ouers nie. Binne die familiesiklus beweeg die jongste geslag (kleiner kinders) ook dan gewoonlik na adolessensie. Hierdie verandering binne die familiesisteem word gewoonlik nie formeel aangespreek nie en is ook baie keer nie 'n duidelik afgemerkte fase binne die familiesiklus nie. Vir baie mense is dit dus 'n verlies aan die bekende wyse waarop die familie gefunksioneer het terwyl dit vir ander 'n nuutgevonde vryheid meebring. Daarom is daar baie keer 'n mate van weerstand om hierdie proses aan die gang te sit.

Risiko's vir beide geslagte

Die funksionering van die familiesisteem moet in aanmerking geneem word by erfopvolgingsbeplanning. Die twee geslagte wat by die erfopvolging betrokke is verskil gewoonlik in die fase van ontwikkel waarin hulle verkeer maar in die meeste gevalle het beide geslagte 'n sterk gevoel teenoor die boerdery en ook teenoor die familiesisteem. Hoewel uit verskillende hoeke, is albei geslagte dus tot dieselfde mate tot die boerdery verbind. Daarom voel die familie baie keer bedreig deur enige verandering wat die boerdery se normale funksionering gaan beïnvloed. In die geval van familieboerderye bedreig 'n verandering in die boerdery ook die familiesisteem en insgelyks bedreig 'n verandering in die familiesisteem ook die boerdery. Daar is dus 'n interafhanklikheid tussen die familie en die boerdery.

In erfopvolging sal hierdie onderliggende vrese wat 'n verandering in die familiesisteem meebring dikwels tot 'n onwilligheid lei om eerstens die erfopvolging aan te spreek en dan tweedens om die erfopvolgingsplan toe te pas. Dit is dus baie belangrik dat die innerlike gevoelens van al die betrokke familielede na die oppervlak gebring moet word sodat dit binne die erfopvolgingsbeplanning hanteer kan word. 'n Familielid kan nie op die oog af met die erfopvolgingsplan saamstem terwyl hy emosioneel eintlik in konflik daarmee is nie. Dit sal tot gevolg hê dat die plan nooit behoorlik tot uitvoer gebring kan word nie.

Erfopvolgingsbeplanning is 'n professionele aangeleentheid. Dit word gewoonlik deur professionele kundiges opgestel en daar is 'n redelik hoë direkte of indirekte koste aan verbonde. Daar is egter ook 'n baie sterk emosionele faktor by erfopvolging betrokke omdat dit met 'n verandering in die familiesisteem gepaard gaan. Indien die emosionele faktore nie tot bevrediging van alle familielede tydens die erfopvolgingsbeplanning hanteer word nie, sal daar altyd 'n mate van onderliggende weerstand teen die uitvoering van die erfopvolgingsplan wees en gaan die plan nie behoorlik geïmplimenteer word nie. Die beste planne, hoe deeglik ookal opgestel, is nutteloos as dit nie tot uitvoer gebring word nie.

Onder die oppervlak

In die algemeen is die neem van besluite nie altyd 'n rasonale een nie. Onder die oppervlak is daar 'n waardesisteem, interpersoonlike verhoudings en kulturele faktore wat die besluit beïnvloed. Die besluitneemingsproses, spesifiek tydens erfopvolging, kan dus eweveel 'n ontdekkingsproses as 'n besluitnemingsproses wees omdat die meeste boere slegs een keer in hulle leeftyd deur elke fase van die erfopvolgingsproses gaan.

Onderliggend aan beplanning en pogings om probleme op te los sal daar ook altyd die basiese menslike behoeftes van sekuriteit en persoonlike identiteit wees. Hierdie behoeftes word baie selde uiterlik getoon en bly gewoonlik onder die oppervlak. In konflikbestuur word dit egter as die elementêre dryfkrag van die konflik self beskou. Die uiterlike tekens daarvan is dikwels waarneembaar in die vorm van 'n verknogtheid met gesag en beheer.

Ten slotte

Daar is 'n baie nou verbintenis tussen die familiesisteem en die boerdery. 'n Verandering van die familiesisteem lei dus ook tot 'n verandering van die boerderysisteem en erfopvolging is een van die direkte gevolge van 'n verandering in die familiesiklus. Die familie se onderliggende emosies en behoeftes gaan dus 'n wesentlike invloed op die implimentering van die erfopvolgingsplan uitoefen. Die erfopvolgingsplan kan alleenlik suksesvol toegepas word as die persoonlike behoeftes van elke familielid suksesvol daarin aangespreek word. Dan eers sal daar 'n gewilligheid by al die betrokke partye wees om die erfopvolgingsplan suksesvol binne die familiesisteem toe te pas.

BETHLEHEM
Maart 2003